



Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
📠 042-273-1210
✉ info@hsmclachlan.co.za
🌐 www.hsmclachlan.co.za

11 Mei 2020

Geagte ouers, leerders en personeel

Volgens beplanning sou die skoolbestuurspan, administratiewe- en terreinpersoneel vandag weer teruggekeer het na die skool om met die proses van sanitering te begin en beplanning te doen vir die terugkeer van alle onderwysers op Maandag 18 Mei.

Die onderwysunies het sekere voorwaardes gestel voordat hulle sou toelaat dat personeel en leerders kan terugkeer na skole, onder andere die disinfektering van alle skole asook die voorsiening van sanitasie pakkette, elektroniese skandeerders en gesigmaskers vir leerders en personeel.

In 'n vergadering wat die onderwysunies Saterdag met die Departement van Onderwys gehad het, het die Departement aangedui dat hulle ten minste nog 'n week benodig om skole te saniteer en om die noodsaaklike sanitasie pakkette, elektroniese skandeerders en gesigmaskers aan skole te voorsien.

Heropening van skole

Die volgende is voorgestel vir die terugkeer na skole. Die plan en datums kan baie moontlik nog verander omdat dit nog nie amptelik goedgekeur is in die staatskoerant nie en provinsiale departemente ook nog nie gereed is nie.

18 Mei 2020: Skoolbesture, administratiewe- en terreinpersoneel rapporteer by skole

25 Mei 2020: Onderwysers keer terug na skole

1 Junie 2020: Heropening vir Grade 7 en 12

Geen riglyne vir die infasering van die ander grade is gegee nie. Sodra die departement dit uitreik sal ons u inlig daaromtrent.

Ons wil u verseker dat die personeel en beheerliggaam van Hoërskool McLachlan almal se veiligheid en suksesvolle voltooiing van die skooljaar op die hart dra. Ons vra elke ouers, leerder en ondersteuner om ons asseblief te help om in hierdie onsekere tye steeds met sukses en veiligheid te funksioneer.

Kurrikulum

Die personeel is, sedert die sluiting van die skool, by hulle huise besig om vir leerders sover moontlik die nodige werk te gee om op datum te bly met die kurrikulum. Ons maak van whatsapp-groepe gebruik om inligting te deel, en sal hiermee voortgaan totdat alle leerders weer terugkeer skool toe. Ons sal ook wanneer die skool weer heropen, seker maak alle leerders is akademies op koers. Die personeel sal hersiening doen van alle langafstandwerk om te verseker dat almal op standaard is.

Skoolfonds

Ons vra asseblief dat ouers op datum bly met skoolgelde. Die skool het nog steeds maandelikse uitgewes en salarisse wat betaal moet word. Ons vra u ondersteuning in hierdie verband. Baie dankie vir elke ouer wat reeds betalings gemaak het. Ons waardeer dit opreg.

Sport en kultuur

Om gehoor te gee aan nasionale beleid is alle sport en kultuuraktiwiteite gekanselleer.

Koshuis: Huis Bester

Huis Bester sal tot verdere kennisgewing vir leerders gesluit bly.

Die bestuur en personeel van McLachlan wil van hierdie geleentheid gebruik maak om alle ouers te bedank vir hul samewerking. Die omstandighede waarin ons onself nou bevind, is 'n uitdaging vir almal. Ons kan u verseker dat die personeel hul beste sal gee om ook van hierdie uitdaging 'n sukses te maak.

Ons sien uit daarna om u kind weer by die skool te ontvang. Moet asseblief nie die skool besoek in hierdie voorbereidingstyd nie. U is welkom om my te kontak vir enige navrae.

Vriendelike groete.



S. Pienaar

Waarnemende Hoof: Hoërskool McLachlan

stan@hsmclachlan.co.za

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid-Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Cell: +27 (0) 83 546 2788

Fax: +27 (0) 42 273 1210

